Die Erflatersgilde · The Heritage Guild · Stellenbosch

# Só kan u 'n blywende impak maak







By die Universiteit Stellenbosch streef ons daarna om inklusief, innoverend en toekomsgerig te wees; om die Universiteit 'n plek van ontdekking en uitnemendheid te maak, waar personeel én studente denkleiers is wat kennis tot diens van alle belanghebbers bevorder. Dit word gedoen deur toegang tot die instelling te verbreed, uitnemendheid te bevorder, en ons impak op die samelewing te verskerp.



# BOODSKAP VAN DIE REKTOR

PROF W DE VILLIERS
*Rektor en Visekanselier*



Universiteite het die steun van weldoeners nou meer as ooit nodig. ’n Verhoogde behoefte na hoër onderwys, saam met vermindering in staatsbefondsing en ekonomiese moeilikheid in die privaat sektor, skep, as ’n sameloop van omstandighede, ’n ‘volmaakte storm’ wat selfs ons voortbestaan bedreig.

Maar ons moet deurdruk en volhard, want ons het ’n historiese roeping om die “toekoms te skep”, soos die filosoof Alfred North Whitehead dit eertyds gestel het. “Die gawe wat ’n universiteit ons bied is die gawe van verbeelding… die brandende fakkel wat van hand tot hand aangegee word,” het hy gesê.

Ek stem volmondig hiermee saam. Om te leer – en om te onderrig – is waarlik transformerend, en wat dit verander, is lewens. Ook streef ons om die wêreld te verander deur die voorpuntnavorsing wat aan die Universiteit Stellenbosch gedoen word.

U skenking sal ons help om die fakkel van kennis aan die brand te hou – tot voordeel van die samelewing in geheel. En hiervoor sal toekomstige geslagte u verseker bedank.

# BOODSKAP VAN SKENKER



WESLEY KOTZE

*Alumnus van die Universiteit Stellenbosch en emeritusprofessor in Wiskunde, Rhodes-universiteit, Grahamstad*

Ek is nog gereeld betrokke by die departemente Wiskunde en Musiek. Danksy die nalatenskappe van diegene voor my, is albei hierdie departemente tans van die aktiefstes in die land.

Dit is vir my net ’n plesier om ’n testamentêre skenking aan die US te maak en sodoende terug te ploeg in ’n instelling wat eens my kennisvennoot was.

Ek glo in die potensiaal van Suid-Afrika se jong akademici en die blink toekoms wat op die Universiteit Stellenbosch wag. Ek vertrou dat my bydrae, onder die wyse leiding van prof Botman, tasbare hoop kan bring aan studente wat dit werklik nodig het.

# GELEENTHEDE GESKEP, POTENSIAAL ONTSLUIT



## HELOISE PETERSEN

*BA Geesteswetenskappe*

Die Dorris Crossley-beurs het 'n geweldige positiewe impak op my lewe as student. Danksy me Crossley se toekomsvisie, kan ek die stres van finansiële druk wat elke student ervaar opsy skuif en uitsluitlik op my akademie konsentreer.



## CHANTELLE PRETORIUS

*MSc Biochemie*

Die Wilhelm Frank-beurs het my gemotiveer om selfdissipline aan die dag te lê en my allerbeste in my studie te gee. Dit het 'n geweldige invloed op my lewe gehad en my die waarde daarvan geleer om terug te ploeg in jou gemeenskap.





# DIE ERFLATERSGILDE

Sodra u ’n bemaking aan die Universiteit Stellenbosch skriftelik bevestig, word u outomaties lid van die Erflatersgilde, ’n visionêre groep alumni en vriende wat, soos u, die versiende en deurdagte besluit geneem het om ’n verskil aan die Universiteit Stellenbosch te maak.

As lid van die Erflatersgilde, kry u geleentheid om te skakel met ander wat u visie deel, en stel u die Universiteit in staat om u in u leeftyd te bedank.

U lidmaatskap plaas u onder geen verpligting nie. Ons verseker u dat enige inligting wat u aan ons verstrek, as streng vertroulik hanteer sal word. Indien ons bewus is van u voorneme, sal dit ons ook vir die toekoms help beplan.

# U BELASTINGVOORDEEL

Tans word boedelbelasting teen ’n koers van 20% gehef op bates ter waarde van meer as R3,5 miljoen in u boedel ten tyde van u afsterwe.

Een manier om dié belastingverpligting te beperk is deur ’n testamentêre skenking aan u alma mater te maak. Welwillendheidsgeskenke van hierdie aard word van die waarde van die boedel afgetrek voordat boedelbelasting bereken word.

Onthou asseblief om u testament gereeld by te werk om enige veranderinge in u persoonlike lewe sowel as in wetgewing te weerspieël.




DIE ERFLATERSGILDE · THE HERITAGE GUILD · STELLENBOSCH

jou kennisvennoot

Vir verdere inligting oor hoe om 'n toegewyde bemaking op te stel, skakel gerus met:


## HUGO STEYN

Bestuurder: Individuele Skenkings

ONTWIKKELING &
ALUMNIVERHOUDINGE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
PRIVAAT SAK X1
MATIELAND 7602

T 021 808 3615
F 086 522 9661
E hugos@sun.ac.za


UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY